Die voortsetting van die Suid-Afrikaanse wonderwerk
Die FW de Klerk Stigting

15/8/2004

Die Uiteinde van die Nasionale Party

Artikel geskryf deur F W de Klerk.

Die besluit van die NNP Federale Raad verlede naweek om by die ANC aan te sluit, dui op die einde van 'n party wat die Suid-Afrikaanse politiek vir die grootste gedeelte van die vorige eeu gedomineer het.

Die Nasionale Party het die tye en geskiedenis weerspieël waarin dit gewortel was. Na die stigting van die NP in 1914 – in 'n tyd toe nasionalisme hoogty gevier het in die wêreld – was dit 'n voertuig van Afrikaner nasionalisme. Toe dit weer aan bewind gekom het met die 1948 verkiesing – in 'n wêreld wat steeds gekenmerk was deur imperialisme, rassisme en paternalisme – was die NP se beleid openlik rassisties en paternalisties. Met die ontbinding van die Europese ryke gedurende die vyftiger- en sestigerjare, het die Nasionale Party toenemend uit voeling geraak met die res van die mensdom. Dit het met groeiende desperasie onsuksesvol probeer om 'n manier te vind om die reg van Afrikaners en wit Suid-Afrikaners tot selfbeskikking in 'n eie land in stand te hou op 'n manier wat ander Suid-Afrikaners se ewe legitieme eise vir volle politieke regte akkommodeer. Ten slotte, gedurende die laat tagtigerjare, in 'n tydperk wat gekenmerk is deur die val van die Sowjet Unie en 'n nuwe opbloei van politieke en ekonomiese vryhede, het die Nasionale Party 'n hervormingsproses inisieer wat vryheid aan al Suid-Afrika se mense gebring het.

In 1992 het die Nasionale Party sy lidmaatskap oopgestel vir Suid-Afrikaners van alle rassegroepe. Dit het uit die 1994 verkiesing, met meer as 20% van die stemme, te voorskyn getree as die party met die mees diverse rasse ondersteuning – en as die meerderheidsparty van Suid-Afrika se drie belangrikste minderheidsgemeenskappe.

In die 1999 verkiesing het die Nuwe Nasionale Party gepoog om voort te bou op hierdie veelrassige basis deur sigself in die politieke sentrum te posisioneer en deur 'n meer tegemoetkomende benadering tot die regerende ANC te volg. Ongelukkig wou die NNP se ondersteuningsbasis meer kragdadige kritiek teen die regering sien, asook aggressiewer bevordering van minderheidsbelange. In die proses is die NNP verbygesteek deur die Demokratiese Party en het dit amper twee derdes van sy ondersteuningsbasis verloor. Onder dié omstandighede het die NNP 'n kort en onsuksesvolle vennootskap met die DP aangegaan binne die Demokratiese Alliansie. Met die verbrokkeling van hierdie vennootskap, te midde van oor en weer beskuldigings en wantroue, het die NP 'n samewerkende verhouding met die ANC gevestig.

Dit het die onlangse verkiesing geveg van die platform dat meer bereik kan word deur saam met die ANC te werk binne die raamwerk van regering as deur oneffektiewe teenstand te bied vanaf die kantlyn. In die proses het die NNP 'n verdere driekwart van sy oorblywende ondersteuning verloor – aan die een kant weens wydverspreide persepsies van onaanvaarbare opportunisme aan die kant van sy leierskap en aan die ander kant, reg of verkeerd, weens ondersteuners se klaarblyklike verwerping van 'n samewerkende benadering. Dit is ironies dat die party, wat by sy stigting gegrond was in die bevordering

van eksklusiewe etniese belange, polities vernietig is omdat dit gekies het om sy beleid aan te pas by die behoefte aan 'n breë multi-etniese samewerkende patroon. Selfs meer ironies, is die feit dat die Nuwe Nasionale Party besig is om verswelg te word deur die ANC wat tradisioneel beskou is as sy mees onverbiddelike vyand.

Die ondergang van die Nuwe Nasionale Party laat 'n gaping in die politieke spektrum wat normaalweg gevul word deur middel-regse partye. Baie Suid-Afrikaners – veral kiesers wat sterk voel oor hulle gemeenskappe – is op soek na 'n party wat hul belange effektief maar gebalanseerd sal artikuleer; wat konstruktief deelneem aan die oplossing van die talle probleme wat ons land in die gesig staar; en wat 'n visie van 'n nie-rassige demokrasie sal bevorder wat tog ook die ryke verskeidenheid sowel as die gelykheid van alle gemeenskappe erken. Sulke kiesers voel dat dit vir hul onmoontlik is om die ANC se drieledige alliansie te ondersteun omdat hulle voel dat dié alliansie se beleid en benadering 'n potensiële gevaar inhou vir hul individuele- en gemeenskapsbelange. Aan die ander kant, alhoewel hul waardering mag hê vir die DA se trompop opposisie rol en sy sterk standpunt oor die beskerming van individuele vryheid – voel hul nietemin ongemaklik met aspekte van die party se tipiese liberale benadering, veral met betrekking tot kulturele belange, gemeenskapsregte en tradisionele waardes.

Tydens sy negentigjarige bestaan het die Nasionale Party hom aan ernstige onreg skuldig gemaak. Apartheid het miljoene swart, kleurling en Indiër Suid-Afrikaners vir amper vier dekades lank gereguleer, onderwerp, onteien, ontwortel en verneder. Terselfdertyd – en alhoewel dit nie polities korrek is om dit te sê nie – was dit ook instrumenteel tot heelwat positiewe ontwikkelinge. Gedurende hierdie tydperk het Suid-Afrika ontwikkel in by verre die mees vooruitstrewende staat in Afrika in 'n tyd toe 'n groot deel van die res van die kontinent verval het in tirannie en ekonomiese ineenstorting. Verder, of ander dit wil erken of nie, het alle Suid-Afrikaners substansiële (maar nooit voldoende) sosio-ekonomiese vooruitgang gemaak. Miskien was die belangrikste faktor dat die NNP die lyn gehou het totdat toestande en die magsbalans gunstig was vir die sluiting van 'n grondwetlike skikking wat 'n redelike kans kon bied tot die versekering van die regte en vryhede van alle Suid-Afrikaners. Dit is glad nie seker dat 'n vroeëre skikking voor die val van die Sowjet Unie sou gelei het tot 'n volwaardige demokrasie nie, of dat enige inisiatief voor 1986 die noodsaaklike ondersteuning van die wit kiesers sou kon verkry nie. Ten slotte, die Nasionale Party het 'n moedige en onontbeerlike bydrae tot die vestiging van grondwetlike demokrasie in Suid-Afrika gemaak. In 'n geskiedkundige ongeëwenaarde daad het die NP eksklusiewe mag en die reg van wit Suid-Afrikaners tot absolute selfbeskikking, prysgegee. Met die ondersteuning van twee derdes van die wit kiesers het die NP die toekomstige beskerming van hul fundamentele regte toevertrou aan die waarborge wat vervat is in die demokratiese grondwet, wat hul gesamentlik met hul mede Suid-Afrikaners onderhandel het.

Diegene wat die Nasionale Party ondersteun en gelei het was ook mense van hul tyd en omstandighede. Dit het mans en vroue ingesluit van groot beginsel en karakter wat ten beste geworstel het met die enorme uitdagings wat hul en hul mense gekonfronteer het. In retrospek, was hulle geneigd tot kortsigtigheid en onsensitiwiteit. Nietemin, hulle het vrouens en mans ingesluit wat ek respekteer en bewonder het. Ek erken graag die bydrae wat hul op hul eie manier, binne die verwysingsraamwerk van hulle tyd, gemaak het tot die belange van hulle mense en tot Suid-Afrika.

Aan vorige ondersteuners van die NP en die NNP wil ek graag die volgende sê: U grootste oomblik was die bydrae wat u gemaak het tot die skepping van ons nuwe demokrasie en

regstaat. Watter keuse u ookal besluit om te maak in die toekoms (of dit is binne die ANC, die DA of 'n ander party) wil ek u graag aanspoor om getrou te bly aan die beginsels waarop die nuwe Suid-Afrika gebou is, en om die grondwet - wat menslik gesproke die fondament, die beste hoop en die borg vir toekomstige vryheid en geluk van al ons mense daarstel – hoog te hou.

Uitgereik deur die FW de Klerk Stigting.
Kaapstad.
15 Augustus 2004.

Die FW de Klerk Stigting: Zeezicht Gebou, Tygerberg Kantoorpark, Hendrik Verwoerd Rylaan 163, Plattekloof 7500, Suid-Afrika. Posbus 15785, Panorama, 7506, Suid-Afrika. Tel 0027 (0) 21 930 3622. Faks: 0027 (0) 21 930 0995. Epos: fwdkfoun@mweb.co.za.

www.fwdklerk.org.za